N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 33

14 Augustus 2022

Die sleutel om in die Gees te wandel

Jy moet ‘n geestelike ingesteldheid hê
As ons geloof met die Woord van God verenig, beweeg ons van die fisiese, natuurlike wêreld na die geestelike. Om die Woord met geloof te verenig, neem ons na die geestelike en bevry ons van die natuurlike wêreld se beperkinge.
Ons word deur die Gees beheers
Kom ons kyk na die beginsel van ‘n geestelike ingesteldheid. “Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle.” Rom 8:8,9. Dank die Here ons is nie in die vlees nie, maar in die Gees, omdat die Gees van God in ons woon. Dit maak ons hoofsaaklik geestelike wesens. Die Skrif sê dat ons uit die Gees gebore is en dat ons in die Gees leef. “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.”
Gal 5:16.
Ons wapens is nie vleeslik nie
Die Woord van God sê ons wapens is nie vleeslik of natuurlik nie, maar geestelik. “Natuurlik leef ons in ‘n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig…” 2 Kor 10:3-5
Wees vol moed en hoop
Vanuit ‘n natuurlike oogpunt, kan ons niks doen nie. Ons is swak, maar volgens die Bybel wandel ons nie na die vlees nie, maar na die Gees. Ons moet leer om die lewe met geloof in God te benader. Ons ingesteldheid moet een wees waar ons die uitdagings van die lewe met groot vertroue en durf aanpak..
Kyk ons net met ons fisieke oë?
Wat sien ons wanneer ons na hierdie wêreld kyk? Sien ons ook met die oë van die Gees?
Word ons deur ons sintuie beheer, of sien ons soveel meer as die inligting wat ons fisieke sintuie waarneem? Hebr 5:14 lui: “ Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.” Om te onderskei behels om deur dinge te sien, om iets te bespeur of te herken. ‘n Ander woord vir onderskei is om te “beoordeel”. Ons moet leer om dinge vanuit ‘n geestelike oogpunt te beoordeel, insluitend onsself.
Beoordeel alle dinge vanuit geloof in God
Hoe ons dinge in die lewe beskou en beoordeel kan die verskil tussen lewe en dood, oorwinning of nederlaag, sukses of mislukking beteken. ”Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel.” 1 Kor 2:15. Die lewe wat ons leef, die besluite en keuses wat ons neem, ons woorde en dade, moet geïnspireer, gebore en uitgevoer word vanuit ‘n geestelike basis van geloof in God en nie uit dit wat selfsugtig en vleeslik is nie.
Ons moet die Woord van God ken
Een van die hoofredes waarom ons nie in die Gees wandel of die lewe vanuit ‘n geestelike oogpunt benader nie, is omdat ons nie die Woord van God ken nie. Daarom leef ons in vrees en onsekerheid. Ontdek wat die Woord sê en glo nét dit. - Andreas Kyriacou

Dankie!

- **Dat die Gees van God in ons leef!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Marné Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- Oom Hannes Stolz – vir genesing en herstel.
- Susan van Zyl – vir genesing en herstel.
- Enid Kriger – vir spoedige herstel.
- Martie van Staden – vir spoedige herstel na rugoperasie.
- Juan Strijdom – vir spoedige herstel na operasie.
- Gert Keulder
- Lucinda Graaff
- Tannie Bets Coetzee
- Oom Eberhard Carshagen
- Tannie Hester Weldhagen

Gedagte vir die week
…dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees… die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.
Rom 8:5-6

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org